STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# KENNISGEWING VAN PUBLIEKE DEELNAME
# KONSEP ADAM TAS KORRIDOR PLAASLIKE RUIMTELIKE ONTWIKKELING RAAMWERK (ATK PROR) EN ONTWIKKELINGSRIGLYNE

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 10 van die Stellenbosch Munisipaliteit: Grondgebruikbeplanningsverordening (Oktober 2015) dat die Konsep Adam Tas Korridor Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ATK PROR) en Ontwikkelingsriglyne beskikbaar is vir publieke kommentaar.

Die munisipaliteit beoog om 'n Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PROR) vir die Adam Tas Korridor (ATK)-gebied aan te neem. Die ATK-gebied is Stellenbosch se opkomende stedelike transformasiedistrik en is in November 2019 as 'n katalitiese projek in die goedgekeurde Stellenbosch Munisipaliteit (WC024) ROR geïdentifiseer. Die visie vir die gebied is om 'n geïntegreerde stedelike ontwikkelingskorridor te skep wat leefbaar, veilig en hulpbron-doeltreffend, sosiaal-geïntegreerd, ekonomies inklusief en wêreldwyd mededingend, waaraan alle burgers aktief kan deelneem.

Die doel van die ATK PROR is om gedetailleerde ruimtelike beplanningsriglyne en voorstelle te verskaf om aan spesifieke grondgebruikbeplanningsbehoeftes te voldoen en openbare en private beleggingsinisiatiewe in te lig deur Stellenbosch Munisipaliteit se toekomstige ontwikkelingsvisie vir die aangewese plaaslike area duidelik aan te dui. Die PROR verskaf inligting en lei beleid, ontwikkelingsparameters vir grondgebruikbeplanning en besluitneming oor grondgebruikaansoeke.

Die konsep ATK PROR is beskikbaar op die munisipale webwerf by: **www.stellenbosch.gov.za** (insert link)

Kommentaar moet skriftelik by die volgende e-posadres ingedien word: Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za teen nie later as **6 Julie 2022**. Geen laat kommentaar sal oorweeg word nie.

Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan hul kommentaar mondelings by die afdeling Ruimtelike Beplanning by Stellenbosch Munisipaliteit, geleë te Dorpstraat 129, Stellenbosch indien, waar hulle deur 'n personeellid bygestaan sal word om hul kommentaar op skrif te stel.

Kontakpersoon : BJG de la Bat
Tel : (021) 808-8652

---

# KENNISGEWING VAN PUBLIEKE OPE DAE

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

Kennis word hiermee gegee van publieke ope dae om die konsepdokumente te besigtig en bespreking oor bevindings met die konsultante en munisipale amptenare. Publieke ope dae sal op die volgende datums, tyd en lokaal gehou word:

| | | |
|---|---|---|
| Woensdag, 25 Mei 2022 | 11:00 – 14:00 | Dorpstraat 131, Stellenbosch |
| Woensdag, 1 Junie 2022 | 11:00 – 14:00 | Dorpstraat 131, Stellenbosch |
| Woensdag, 8 Junie 2022 | 11:00 – 14:00 | Dorpstraat 131, Stellenbosch |

---

## KENNISGEWING VAN FOKUSGROEP VERGADERING

’n Virtuele fokusgroep vergadering met grondeienaars soos aangewys binne die ATK PROR is geskeduleer vir 10 Junie 2022 van 10:00 tot 12:00. Belangstellende en geaffekteerde grondeienaars binne die ATK-gebied moet 'n e-pos stuur aan Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za om hul belangstelling te registreer en die MS Teams-vergadering-uitnodigingskakel te bekom.

Kontakpersoon : Viola Anthony
Tel : (021) 808-8643

**Munisipale Bestuurder**
**Stellenbosch Munisipaliteit**
**Kennisgewing nr: 53/2022**